

7 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 18:10-14 (OAV)

Fokusgedeelte: Lukas 18:10-14 (OAV)

God verhoor die diep-afhanklike sondaar en nie die selfvoldane wetsvervuller nie

Dit is asof 'n mens die twee biddende mans daar in die voorhof by die tempel in die geestesoog sien staan waar die volk altyd hulle gebede opgestuur het. Daar heel voor, naaste aan die tempel, staan een met sy oë opgehef na die hemel. Hy staan selfvoldaan daar, fier en regop asof daardie plek nou juis vir hom bedoel is. En daar heelagter, sover as moontlik van die tempel af, asof hy nie daar mag wees nie, staan die ander een met geboë hoof.

Hoor die een heel voor, die Fariseër, bid. Wat 'n mens, soos hy hom aan God voorstel! Ek dank U dat ek nie soos daardie slegte, veragte mense in die samelewing is nie. Ook nie soos daardie veragte tollenaardief hier agter nie. Ek vas! Ek gee my tiendes. Het u dit raakgelees? *Ek Ek Ek Ek* So wonderlik goed! Beter as ander! So dankbaar dat hy so is! Sal ons vandag moontlik sê: *Wat 'n diep gelowige tog!?*

Maar luister nou net na die gebed van die veragte sondaar daar agter. 'n Geboë hoof. Hy mag niemand in die oë kyk nie. Seker skaam en ongemaklik om hier so naby aan die tempel te kom waar God sy volk kom ontmoet. Luister net hoe sien hy homself in sy diepe afhanklikheid: *O God, wees my, sondaar genadig!* My saak voor u is verlore. Niks om u aan te bied nie. Maar Here, gee tog genade en maak my vry van my verlorenheid. Hy is leeg van homself. Diep afhanlik van God.

Dan luister ons na die beoordeling van Christus oor hierdie twee mense: Hy wat leeg is van homself en net afhanklik is van God alleen, se saak is reg voor God. Vrygespreek deur die verlossing wat God uit genade gee. Vryspraak deur Jesus, die Seun van God, sy Verlosser!

Nee, ware geloofslewe is nie 'n godsdienstryf nie. Ware geloofslewe is bekering, afsien van jouself en tot God se genade in Christus Jesus vlug. Dan nederige, liefdevolle, dankbare gehoorsaamheid aan God deur die werk van God die Heilige Gees.

Sing: Psalm 116:9, 10 (Totius)

Ds. AJ Coetsee (Emeritus)